## Van Wyk, J H — Arbeidsetiek: 'n Teologies-etiese benadering

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO. 32 bladsye.

**Resensent: Ds G J Volschenk**

Bogenoemde artikel handel oor 'n baie aktuele, maar ook kontroversiële onderwerp. Die sekularisasieproses en die Handves van Menseregte maak die saak verder gekompliseerd. Aan die eenkant eis die werkloses hulle reg op om te werk, maar aan die ander kant eis die werkers hulle reg op om te staak. Midde in hierdie kontradiksie moet 'n goue middeweg gevind word. Van Wyk slaag baie goed daarin



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

om 'n fyn balans te handhaaf in sy weergawe en kritiek teen die teenoorstaande perspektiewe, maar enkele kritiek sal ook later van pas wees.

Die boekie is baie goed en gebalanseerd gestruktureer. Eerstens beskryf hy die onderwaardering van arbeid soos in die Hellenistiese arbeidsetiek weergegee. Hiervolgens sou die mensdom in twee klasse verdeel kon word, naamlik die denkers en arbeiders. Tweedens beskryf hy die Marxistiese arbeidsetiek met sy totale oorskatting van arbeid. Arbeid het volgens bogenoemde perspektief 'n saligmakende karakter.

Die hoof perspektief van die artikel is die Christelike arbeidsetiek. Die verskillende dimensies daarvan word in die res van die boekie in detail uiteengesit. Die fyn balans word nog steeds gehandhaaf. 'n Enkele strukturele probleem kan uitgewys word. Inhoudelik en struktureel behoort bladsy 6 wat begin met 'In 'n Christelike benadering ...' tot aan die einde van bladsy 7: '... is die Christologiese en pneumatologiese aspekte byvoorbeeld onder ontwikkel)', eerder as 'n inleiding gebruik te word by die opskrif 'Sentrale perspektiewe van 'n Christelike arbeidsetiek'. Die kritiek vir of teen die benaming 'Christelik' word nie deur Van Wyk verdiskonteer nie. Byvoorbeeld: Hoe lyk Christelike arbeid teenoor Buddhistiese of ateïstiese arbeid? Kan arbeid Christus bely? Is dit nie Christus-belydende gelowiges wat hulle arbeid tot eer van God moet doen nie? Die skrywer wil voorstel dat gepraat sal word van ''n Bybels-Teologiese begronding van arbeidsetiek', in lyn met die titel van die artikel. Wat dan nodig is, is Christus-belydende gelowiges wat elke dag en elke oomblik ook in hulle arbeid, Jesus Christus bely as Verlosser en Here. Gelowiges wat bereid is om nie net Sondag nie, maar elke dag op te staan vir 'n Bybels-Teologiese arbeidsetiek.

Van Wyk stel tereg voor dat ons vandag mense nodig het met 'n verantwoordelikheidsgevoel. Ons is God se huis-bestuurders (*oikonomos)* wat sy geskape orde moet handhaaf. Ons staan onder God se heerskappy en ons moet oor die skepping heers. Ons is nie slawe van ons arbeid of van Mammon nie.

Van Wyk verwys in deel vyf na sekere probleemareas. Laasgenoemde is baie kontroversieel van aard. Die gebalanseerde perspektief waarmee Van Wyk die arbeidsetiek benader blyk hier baie duidelik. Kritiek kan uitgespreek word teen die feit dat dit uit die volgorde van sy hantering van sekere sake blyk asof die wit mense altyd in die beskuldigde bank geplaas word. 'n Voorbeeld hiervan is paragraaf 5.2 op bladsy 18: '... dat wit werkgewers (sakemanne, boere, huisvrouens) bedagsaam moet wees om aan hulle swart werknemers menswaardige lone te betaal ....' Van Wyk (1996:18) wys eers in die tweede paragraaf verder op die ander party se verantwoordelikheid, naamlik: '... rus daar 'n groot verantwoordelikheid op veral swart werknemers om belangrike ekonomiese waardes ... na te streef ....' Die balans kan reggestel word deur te stel dat werkgewers (wit of swart; klein of groot sakemanne) sekere verantwoordelikhede het teenoor hulle werknemers (wit of swart). Die werknemers (wit of swart) het weer sekere verantwoordelikhede teenoor hulle werkgewer (wit of swart). Daar mag dus geen diskriminasie of aansien van persoon wees nie.

Ten slotte kan gestel word dat die boekie insiggewend is en nuwe lig en aandag vestig op ons twintigste-eeuse vrae en probleme. Dit word sterk aanbeveel vir enige persoon wat 'n Bybelse perspektief op arbeidsetiek verlang.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services